BYWOON VAN EREDIENSTE IN DIE KERK

Soos u dalk reeds kennis dra, mag ons reeds met eredienste begin. Nadat ons die reëls vir sosiale afstand nagekom het, het ons plek vir 140 persone om 'n erediens by te woon. Ons sien baie daarna uit om nuwe geleenthede te skep, selfs al besef ons dit gaan anders lyk as wat ons gewoond is. Ons kan dit egter slegs met u samewerking doen.

Ons het 'n Covid-19 taakspan saamgestel wat riglyne bestudeer het vanaf die regering, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en die Sinode van die NG Kerk. Ons onderneem om ons by hierdie regulasies en riglyne te hou.

Hiermee word u ingelig oor die formaat van die eredienste, asook die veiligheidsmaatreëls waaraan ons tydens die erediens en binne die kerkgebou aan gaan voldoen. Verder wil ons aan u deurgee aan watter veiligheidsmaatreëls u self aan moet voldoen en navolg, ten einde u in staat te stel om 'n erediens by te woon.

Getal persone wat ons kan akkommodeer

Slegs 140 lidmate (wat die leraar en ander personeel uitsluit) kan 'n erediens bywoon. Indien die getal dalk vir u vreemd mag klink – onthou sosiale afstand is nie net langs mekaar nie, maar ook voor en agter; dus moes ons elke tweede ry banke afsper. Moet asseblief geen versperrings of beperkende kennisgewings êrens verwyder nie.

Hoe bespreek ek vir 'n sitplek?

Omdat ons slegs 140 persone kan akkommodeer, moet elkeen 'n bespreking maak. Die plek om dit te doen, is op ons webblad: www.ngmontana.co.za . Besoek die webblad en maak 'n bespreking. Daar word nie baie besonderhede by die bespreking gevra nie, maar die getal mense is belangrik. Indien u nie toegang tot die internet het nie, kan u ook die kerkkantoor skakel om u plekke te bespreek, maar dan SLEGS Maandae 09:00 – 10:00 en Woensdae 09:00-10:00. Ons vra mooi: Alleenlik indien u nie toegang tot die internet het nie. Daar is nie op ander tye personeel by die kantoor beskikbaar nie.

Rekordhouding – invul van vorms

Daar moet rekord gehou word van elke persoon wat die diens bywoon, deur 'n vraelys wat vooraf op ons webblad afgelaai kan word, gedruk en ingevul word en dan deur elke persoon wat die erediens wil bywoon ingehandig moet word by aankoms. Indien u nie oor 'n drukker beskik nie, sal ons ook van hierdie vorms aan u beskikbaar stel, sodat daar geen oponthoude by die deur sal wees nie. U temperatuur sal dan ook op die vorm aangebring word.

Probeer asseblief om vooraf die vorm te druk en in te vul (behalwe u temperatuur), anders maak dit ons tyd om die gebou binne te gaan so min. Vorms is ook by kerkkantoor beskikbaar SLEGS Maandae 09:00 – 10:00 en Woensdae 09:00-10:00.

- **Vrae op die vorms**

Ons versoek dat u die volgende vraelys VOOR ELKE erediens invul (laai dit asseblief vooraf van ons webblad af en bring dit ingevul saam – dit help met ons tydbeplanning). Indien u op enige van hierdie 10 vrae "JA" antwoord, kan u ongelukkig nie die erediens bywoon nie.

1. Persoon het/voel koors(ig)
2. Persoon hoes
3. Persoon het seer keel
4. Persoon is kort van asem
5. Persoon het lyfseer
6. Persoon voel swak en moeg
7. Persoon het diarree
8. Persoon se reuk/smaak sintuig is aangetas
9. Persoon was in afgelope 14 dae buite landsgrense
10. Persoon was in aanraking met iemand wat Covid-19 het of vermoed dat hy/sy Covid-19 positief is.

As ek by die kerk kom

Die hek by die kerkterrein se hoofingang maak om 08:45 oop. U kan dan inkom en op die ge-allokeerde parkeerplekke parkeer. Die reëlings vir die diens volg hierna.

Ons versoek dat, indien u in 'n ry moet staan terwyl die administrasie by die ingang hanteer word, u 1,5m sosiale afstand sal handhaaf.

Ons gaan van twee ingange gebruik maak (staalhekke aan die kantoorkant en die staalhekke aan die kant van die Crossing Sentrum), maar sal met die uitgaan nog twee sydeure oopmaak. Daar is merkers buite die kerkgebou geplak om aan te dui waar u moet staan. Dit is om sosiale afstand te behou. Vermy asseblief persoonlike kontak (handdruk ingesluit) met ander lidmate.

Ons besef dit is moeilik omdat mense mekaar lanklaas gesien het, maar dit is ter wille van elkeen wat teenwoordig is.

Wanneer mag ek nie 'n erediens bywoon nie?

Indien u met die invul van die vorm op enige van die vrae JA sou antwoord, versoek ons u vriendelik om nie die diens by te woon nie. Ons wil graag u veiligheid, sowel as die ander lidmate s'n respekteer. Indien u met u aankoms 'n temperatuur van 37.5 of meer het, kan u ongelukkig ook nie die erediens bywoon nie, en gaan ons u versoek om eerder huis-toe/dokter toe te gaan.

Wie moet verkieslik nie 'n erediens bywoon nie

Daar is sekere persone by wie die risiko faktore van gesondheid groter is as by ander en daarom sou ons nie graag wil hê dat u uself of ander onnodig blootstel nie. **Dit geld vir mense bo 60 en ook indien u enige bepaalde siektetoestand het.** Die inligting hieronder kan u daarmee help. Indien u op een of meer van die volgende vrae "ja" antwoord, wil ons u vriendelik aanraai om eerder nie die eredienste by te woon nie.

Ons besef wel ook dat omstandighede van persoon tot persoon verskil en dat sommige van u heel gemaklik is om te gaan werk, inkopies te doen of eredienste te besoek selfs al sou u "ja"antwoord op sommige hiervan.

Hierdie is vir u eie gebruik. Ons gaan u nie hieroor terugvoer vra nie, en ons gaan u nie vra om 'n erediens te verlaat indien u "ja" op hierdie sou antwoord nie. Die keuse is u eie. Dit is oorgeneem uit die WGO se aanbevelings, en daarom hou ons dit net so in Engels.

- **COVID 19 MEDICAL SURVEILLANCE SCREENING QUESTIONNAIRE**

1. Are you 60 years or older?
2. Do you have any chronic respiratory diseases (asthma, chronic obstructive pulmonary disease (COPD), history of or current Tuberculosis, cystic fibrosis, smoking for more than 15 pack years or chronic bronchitis)?
3. Do you have chronic heart disease, such as heart failure or ischemic heart disease?
4. Do you suffer from Hypertension (high blood pressure) or take medicine for high blood pressure?
5. Do you have chronic kidney disease and/or impairment?
6. Do you suffer from chronic liver disease?
7. Do you suffer from Diabetes (Type I/Type II) or do you have problems with your sugar levels?
8. Are you immunocompromised? It can be as the result of medical conditions such as HIV/AIDS, or using medicines such as high doses of steroid tablets, methotrexate or any other chemotherapy drugs and radiation therapy.
9. Do you have cancer?
10. Do you have severe visual impairment or Blindness? - this increases the risk of exposure to other congregation members.
11. Are you disabled? E.g. paraplegic, quadriplegic etc.
12. Do you have Multiple sclerosis?
13. Do you have any condition that you think may increase your risk of developing complications if you contract Covid-19?
14. Are you pregnant?
15. Are you overweight and have a Body Mass index of (BMI ≧40)

Hierdie is uitdagende tye wat ook nuwe uitdagings aan ons as gelowiges stel, ook wanneer dit kom by die bywoning van eredienste.

Watter reëls moet ons volg?

- **Maskers**

Elke persoon moet ‘n masker dra, wat die neus sowel as mond bedek. Dit moet te alle tye (vandat u uit u voertuig klim, totdat u na afloop van die diens weer terugklim) op u gesig bly.

- **Sanitering**

Die dienswerkers sal u bystaan en wys waar om te staan, hande te spuit, koors te meet, vorms in te gee, dankoffers in te gooi, en dan die sitplek in die kerk in te neem.

- **Sitplek**

Die sitplekke in die kerkgebou is reeds gemerk wat aandui waar u moet sit. U gaan ongelukkig nie op u gunsteling plek soos normaalweg kan sit nie. Ons gaan die kerk van voor af volmaak met die korrekte spasiëring tussen lidmate. U sal slegs styf langs u man, vrou of kind kan sit – nie so naby aan enige ander persone nie. Ons besef dit is baie vreemd juis omdat u saam met u gesin in ‘n voertuig gery het, maar dit is deel van die regulasies waaraan ons moet voldoen indien ons wil voortgaan met eredienste.

- **Bybels, Liedboeke en skryfgoed**

U kan gerus u selfone saambring, maar laat asseblief Bybels, werkboeke en enige ander skryfgoed of leesgoed by die huis.

- **Sang**

Daar mag glad nie gesing word nie (volgens die regulasies). Daar sal egter musiek gespeel word. Selfs al sou die woorde van ‘n lied op die skerm verskyn, mag u steeds nie saamsing nie.

- **Badkamers**

Ons moet aan heelwat regulasies voldoen wat die skoonhou van die badkamers betref. Alhoewel ons dit alles in plek het, versoek ons u om slegs in noodgevalle van die badkamers by die kerk gebruik te maak.

- **Na die diens**

Na die diens versoek ons u om nie in groepies te staan en gesels nie, maar eerder die terrein so spoedig moontlik te verlaat. Weerens besef ons dat dit nie in ons aard is om dit so te doen nie, maar ter wille van die regulasies gaan ons dit so doen.

Hoe gaan die erediens verloop?

08:45	Kerkhek oop – voertuie kom in en parkeer. Verkieslik naaste parkeerplekke aan kerk (aan kantoorkant en aan Oostekant om)
08:45-09:00	Lidmate gee vorms in, temperatuur word geneem en aangeteken op vorm, teenwoordigheidregister word geteken
	Lidmate beweeg tot in kerk en neem sitplek in soos gemerk – maskers deurgaans op
09:00-09:20	Erediens
	Dieselfde liturgie as die voorafopgeneemde erediens word gevolg. Ongelukkig geen samesang nie!
09:20-09:45	Seën en musiek op klankstelsel en skerm
09:45 +	Beweeg uit kerk, geen 'kuiers', klim in motors en verlaat terrein

Wat moet ek vooraf doen?

- Doen bespreking vir erediens op webblad, of
- Skakel kerkkantoor vir bespreking van erediens: SLEGS Maandae 09:00 – 10:00 en Woensdae 09:00-10:00. Alleenlik indien u nie toegang tot die internet het nie.
- Besprekings sluit Vrydae om 10:00
- Trek vorm van webblad af en vul in – elke lidmaat moet vorm invul
- Vorms is ook by kerkkantoor beskikbaar SLEGS Maandae 09:00 – 10:00 en Woensdae 09:00-10:00
- Indien enige vraag se antwoord Ja is, moet lidmaat verkieslik nie bywoon nie
- Sonder vorm en sonder masker word lidmate nie toegelaat nie

Kan ek my dankoffer kerk toe bring?

- Daar sal 'n houer vir dankoffers by die ingang na die kerk geplaas word. Ons sal ook 'n snapscan icon daarby plaas. Natuurlik verkies ons steeds dat u u dankoffer elektronies oorbetaal, dit verminder ons personeel se risiko.

Respek

Ons vertrou dat u dit ontvang in die lig van waarmee ons dit skryf, naamlik dat ons die lewe in oorvloed van God ontvang, en daarom ook aan onsself en ander die reg op gesondheid en lewe gun.

Ons sien uit na ons samekoms, en meer nog na die dag wat ons weer normaal as volle gemeente saam kan aanbid. God seën julle.

NG Montana Gemeenteraad, Leraars en Covid-19 Taakspan